Nuus uit Bloemspruit…
‘n Warm groet uit die ooste van Bloemfontein

Die wintervakansie is verby en hef aan lê voor! Sedert ons vorige kommunikasie aan julle het daar só baie mooi dinge gebeur... amper te veel om op te noem! Dit is hier by ons amper soos in Hand 2:46,47, "hulle het getrou by die tempel bymekaargekom... hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geeët en God geprys. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg."

Die wonderlike dinamiek om Ooshoek se sementtafels Sondae, is om van liries te raak! O, wat ń heerlikheid om elke Sondag weer die vriende/familie te sien, grappies te maak, saam te lag en ook om saam te treur...

Dis regtig lekker om te vertel van Pellissier se pragtige stuk getuieniswerk wat hulle uitreikspanne saam met ds Rikus, Frikkie van Wyk en Loré Schutte een Saterdag by ons fasiliteite kom doen het. Loodgieterswerk, elektriese instandhoudingswerk, die volledige toerusting van ons Sterretjie speelgroepie se speelkamer - kompleet met televisie, DVD-speler mét DVD's, nuwe kaste, bankies, tafeltjies, gordyne, matte en speelgoed!

Buite het hulle ons kleintjies se speelparkie reggeruk met nuwe swaaie, klimraam, houthuisie en dromme, sodat hulle lekker vóór en ná die erediens kan speel. Dankie Frikkie, ag sommer vir julle almal, julle is so goed vir ons!

Dankie ook dat julle gereeld vir Ooshoek onder julle lidmate se aandag bring dmv die media en ook dat ons werksklasdames se handwerkprodukte by julle eredienste uitgestal en verkoop word.

Speelterrein opknap

Klaar:

Fichardtpark het ons weer genooi om ‘n handwerktafel by hulle basaar te hê en sommer baie nuwe vriende is gemaak! Dankie ook aan al julle lidmate wat getrou klere, gordyne, wol, lappies, meubels, stowe, tuimeldroër, kaste, breekgoed en wat nie alles nie, vir ons skenk. Julle ondersteuning en meelewing is wonderlik!

Hierdie produkte is ook by Pellissier te koop:

En dan moet ons vertel hoe bly al die erediensbywoners was toe elkeen ‘n splinternuwe handdoek ontvang het! Baie dankie aan almal van Pellissier en Fichardtpark wat die nood verlig het deur te help om 170 handdoeke bymekaar te kon maak. Dit was ‘n groot fees en het baie harte verbly.

Ons gee steeds elke Sondag kospakkies , houers vol kos, vars groente en vrugte vir ons 25 kospakkie-gesinne en elke derde Sondag eet ons mos almal saam ‘n gekookte ete! Baie dankie in hierdie opsig vir Woodlands se lidmate wat gereeld sorg vir die sop in die winter, vir al die groente en vrugte en ook in die jagseisoen vir die heerlikste wildsvleis! Ons vrieskaste is op hierdie oomblik lekker vol kos en dan is mens mos ryk, of hoe?

Op 16 September 2018 hou Ooshoek weer ‘n groot en belangrike visioneringsdag by ons kerk. By hierdie geleentheid gaan ons saampraat oor die pad wat ons die volgende vyf jaar wil loop as missionale gemeente, wat bestaan uit die wonderlikste mense wat mooi verteenwoordigend is van ons konteks hier aan die oostekant van die stad. Bid asseblief saam met ons vir daardie dag en as julle lus het, kom sluit gerus by ons aan!

Hou ons maar voortdurend in julle gedagtes en gebede. Die swak ekonomie vat heel eerste aan die armstes en te veel kere ervaar ons mense verlies, maar, met my God spring ek oor ń muur...

Weet ook dat Ooshoek se mense vir julle wat ons vennote is, bid en daarom sal dit ook met julle almal goed gaan, want Sy seënende Hand rus op ons almal.

Tot volgende keer…

Ds Pikkie Maritz
Ooshoek/Bloemspruit Community Centre